

# TOUCHER

**CENTURION ROLBALKLUB** **CENTURION BOWLS CLUB**

(www.centurion.bowls-club.co.za)

secretary@centurion-bowls.co.za

## NUUSBRIEF / NEWS LETTER

**Februarie 2025 February**

***Silent and listen are spelled with the same letters* – Author unknown.**

**HULDEBLYK: KAS LANDMAN.** ***(16 Januarie 1942 - 6 Desember 2024).***



Ons neem afskeid van ons dierbare vriend en rolbalmaat, Kas Landman.

Kas kom uit 'n groot gesin van sewe kinders en ek wonder of dit hier is waar hy geleer het om sy sê te sê.

Sy laerskoolloopbaan was by Boskop Laerskool in Honeydew. Hy het soggens met sokkerskoene skooltoe gegaan sodat hy pouses kon sokker speel. Leer was nie toe 'n prioriteit nie.

Aan die Hoërskool Florida het hy aan atletiek deelgeneem en ook rugby gespeel. Hier het die skrum eendag op hom ingesak en sy nek het gekraak. Hierna was rugby nie meer van belang nie. As student het hy hokkie gespeel en vir 'n bal het hy 'n natuurlilke geneentheid gehad.

Kas het sy BA en BA Hons grade aan die Potchefstroomse Universiteit voltooi en sy onderwysdiploma aan die Potchefstroomse Onderwyskollege gevolg en voltooi. Hy was 'n aktiewe student en het sy gewig by verskeie studente organisasies ingegooi. Sy eerste pos was by Afrikaanse Hoërseunskool wat hy na twee jaar verruil het vir UNISA waar hy tot aan die einde van sy loopbaan Afrikaanse taalkunde onderrig het. Na afhandeling van sy Meestersgraad en doktorale studie is hy met sy gesin na België vir 'n jaar waar hy studeer aan die Vrije Universiteit van Brussels. Terug in Suid Afrika was hy taalkundig betrokke by die samestelling van die Woordeboek vir Dowes. Kas was

ook ‵n brugbouer tussen uitruilstudente o.a. tussen die Jongeren Projek en Suid Afrikaanse studente.

Kas en Rentia was bevoorreg om twee keer die toerouers te wees na Nederland en Vlaandere. Kas was op verskeie platforms ‵n vurige kampvegter vir Afrikaans en sy passie en liefde vir die taal en geskiedenis het oorgespoel na die rolbalbaan. Ek het deur die jare vele interessante geskiedenislesse op die rolbalbaan gekry maar nooit sou hy my taalkundig reghelp met die Toucher nie, net rustig ‵n voorstel vir korreksie maak.

Kas en Rentia was bevoorreg met drie kinders en drie kleinkinders. Die kinders is almal woonagtig in die buiteland. Sy gesin was Kas se groot rykdom en hy was veral trots op Rentia en het altyd met groot lof van haar gepraat. "Sy hou die leisels nog styf vas", was gewoonlik die antwoord as ek vra hoe dit by die huis gaan.

Een van Kas se passies was om te gaan jag en jy kon sy opgewondenheid aanvoel hoe nader die winter kom en die voorbereidings vorder.

By UNISA het hy Dinsdae ongemerk uit die kantoor geglip om saam met die Dinsdagklub pare te speel. Hy kon skaars wag om af te tree en voltyds rolbal te speel. Kas het sy energie en organisatoriese vermoë in Centurion Rolbalklub uitgeleef en het baie jare in die Bestuurskomitee gedien en ook as President diens gedoen.

Sy spitsvondigheid, sonder enige skerp kante, het baie plesier verskaf en sal deur almal met deernis onthou word.

RIV liewe vriend.

*Mari*

**ONS PRESIDENT AAN DIE WOORD**



Die onlangse reënweer, wat tot gevolg gehad het dat twee van ons sosiale spel byeenkomste gekanselleer moes word, het my net weer laat besef hoe erg ‵n mens daardie lekker saamkuier, saamspeel, die kameraderie, die humorsin en die heerlike kompeterende gees mis wanneer ‵n byeenkoms om een of ander rede nie kon plaasvind nie. Wanneer daar wel spel plaasvind, is dit elke keer vir my opmerklik hoe daar al vroegoggend gewoel en gewerkskaf word om alles vir die geleentheid reg te kry. Dankie vir elkeen van julle se betrokkenheid en bydraes om alles reg te laat loop!

Die BGN-Ligaseisoen wat pas agter die rug is, is een waarop ons baie trots kan terugkyk. Dit gebeur nie maklik dat twee van ons ses ligaspanne koning (of is dit eerder koningin in hierdie geval) in hulle onderskeie ligas kon kraai nie. Baie geluk aan veral ons dames wat die Derde- en Vierde-ligas gewen en derde in die Tweede-liga geëindig het. Ons mansspanne, wat vroeg in die seisoen deur ‵n versnelde herboufase moes gaan nadat verskeie van ons senior spelers aangedui het dat hulle nie meer vir ligaspel beskikbaar was nie, het onderskeidelik sewende, derde en vyfde in die Eerste-, Vierde- en Sesde-ligas geëeindig. Baie dankie aan ons absoluut toegewyde en hardwerkende dames- en manskeurders en spelers wat ons klub so trots daar buite verteenwoordig het!

Ons moes hard spook om die Vierhoekige byeenkoms, wat op 22 Februarie by ons klub plaasgevind het, wel hierdie jaar te laat realiseer, nadat dit op versoek vanaf 2024 na vanjaar uitgestel is. ‵n Groot dankie aan die span wat hierdie dag so ‵n groot sukses gemaak

het. Ons sien uit na die 2025 weergawe van hierdie byeenkoms wat later vanjaar by die Villieria-rolbalklub plaasvind en ons gaan nie weer toelaat dat iemand anders met die louere wegstap nie!

Wat die bestuur van die klub betref, is dit vir my aangenaam om te kan rapporteer dat ons nog op koers is om ons teikens vir hierdie siklus te bereik.

Hoewel ons steeds wag vir die finalisering van 'n huurooreenkoms met die Tshwane Metro, kon ons tog daarin slaag om 'n sterker verhouding met hul werknemers wat by die onderhoud van ons bane betrokke is, op te bou. Dit en die feit dat ons perkespan so direk betrokke is en dikwels nie huiwer om self agter die grassnyers in te spring nie, het direk daartoe bygedra dat ons perke in so 'n goeie toestand is.

Geniet die laaste paar maande van die somer op die bane en moet asseblief nie vergeet om julle vriende, bure, ens, wat nog nie die vreugde van rolbal beleef het nie, saam na die klub toe te bring nie. Ons staan gereed om hulle as nuwe lede by die klub te verwelkom!

**HOOGTEPUNTE**

Knap voor Nuwejaar, op 31 Desember, was daar die gebruiklike groot rolbalopskop op die bane. ʼn Allemintige getal van 96 spelers, bestaande uit lede, familielede en vriende, het die bane, deeglik voorberei deur Dave van Oudtshoorn, Willem van Zyl en Adriaan Louw, letterlik gevul. Almal, van oud tot jonk, het die spel terdeë geniet. Van jonk gepraat, die sesjarige Alexia Coertze, kleindogter van Japie Horn, het almal verbaas met haar kranige spel - knap gedaan! Louwtjie de Jager het weer eens naam gemaak as braaimeester, terwyl die dames gesorg het vir broodjies en slaai. Om alles te kroon, was daar ʼn heerlike glasie vonkelwyn vir die dorstiges. Die jaar 2024 kon nie beter afgesluit word nie.

Die eerste Worslopie van die jaar het plaasgevind op 28 Januarie, met bywoning deur 60 spelers. Piet Swemmer en Gerrit Kamper het die louere gedeel, met verdere pryse vir raakballe. en sommer net pret. Worslopie Twee, op 25 Februarie, het weer eens 60 spelers gemobiliseer vir baie aangename spel. Hierdie keer was die wenners (gesamentlik in die eerste plek) Hermien Velleman en Daleen van de Venter. Baie geluk, ook met groot dank aan Tertius.



Valentynsdag is op 15 Februarie gevier met 'ʼn baie nat byeenkoms, maar met die nodige kleur in wit en rooi. Na spel is heerlik gebraai, en belangstellendes kon ook rugby kyk danksy die TV-stel wat Nico en Dina Rau saamgebring het. Voorwaar weer ʼn heuglike dag.



Op ʼn sopnat Donderdag, 20 Februarie, was daar nie spel nie, maar wel groot aktiwiteit. Ongeveer 15 vrywilligers het in en om die klubhuis kom skoonmaak. Buite is bossies uitgetrek, plaveisel skoongemaak en gevee, takke is gesnoei en die Wendy-stoorkamer is netjies reggepak. Binne is kaste reggepak en waar nodig met politoer bygekom. Daarna is heerlik gesmul aan Rina se pannekoek. ʼn Groot dankie aan Karien wat hierdie veldtog geïnisieer het, en aan al die helpende hande - dit spreek boekdele oor die gees in die klub!

En toe breek Saterdag 22 Februarie aan, die dag vir die (uitgestelde) **2024 vierhoekige byeenkoms** tussen die klubs van Bronkhorstspruit, Villieria, Lynnwood en Centurion, op ons

bane. Na die swaar reën is die bane aanvanklik nogal swaar, maar mooi voorberei deur Dave van Oudtshoorn en helpers. Spel vind plaas in baie aangename gees en weer. Rina en haar span sorg vir uitstaande versnaperinge en middagete, en ook die kroeg doen fluks sake. Villieria behaal die oorhoofse oorwinning, met Centurion, Lynnwood en Bronkhorstspruit in die daaropvolgende plekke. Villieria ontroon ook vir Centurion in die stryd om die wisseltrofee tussen die twee klubs, en Lynnwood handhaaf hulle posisie betreffende die wisseltrofee tussen hulle en Bronkhorstspruit. Om op te som: ′n Hoogs aangename dag, wat almal alreeds laat uitsien na die volgende geleentheid, aangebied deur Villieria op ′n datum wat nog bepaal sal word. ′n Groot dankie aan almal wat meegehelp het.



***Algehele wenner***
*Villieria*



***Lynwood vs Bronkhorstsprt***
*Lynwood*



***Villieria vs Centurion***
*Villieria*

*****************************



Op Donderdag 16 Januarie het **Twilight 2025** afgeskop, weer onder die bekwame leiding van Adri en Conrad Greve. Vier en twintig spanne het meegeding in die kompetisie, waarvan die formaat verander is in puntetelling, sowel as spansamestelling - laasgenoemde was nie meer beperk tot gemengde pare nie. Op die daaropvolgende Donderdae werk alles uitstekend, met groot dank aan die klub se eie, hoogs bekwame AnC.

Die afsluiting van die toernooi op 27 Februarie was voorwaar weer ′n puik affêre. Nadat spel die vorige week uitgereën het, is daar vir oulaas met mening meegeding. Die uiteindelike wenners was Johan en Hendrina Meaker, met Ted Harley en Marsha Greyling in die tweede, en Matie Stander en Marieta Fourie in die derde plek. Baie geluk aan julle! Die verdere prysuitdeling en ete daarna was, soos altyd, uit die boonste rakke, met groot dank aan Rina Meyer en haar braai- en tafelhelpers. Adri en Conrad verdien die laaste en groot rondte van applous vir hul puik reëlings (vir oulaas......). Ons gaan julle mis!



***3de plek***
*Matie Stander en*
*Marieta Fourie*



***Wenners:***
*Johan en Hendriena Meaker*



***Naaswenners:***
*Ted Harley en*
*Marsha Greyling*

**VANWAAR GEHASI?**

**Barry en Elize Stoop**



Ons het in 1985 in Kaapstad ontmoet toe Elize parlementêre diens verrig het en Barry (toe ŉ jong onderwyser) met vakansie daar was. Een dans, toe is die koeël deur die kerk.

Ons is hierdie jaar 40 jaar getroud. Ons is geseën met ŉ seun en ŉ pragtige skoondogter, en met twee kleinkinders - ons rykdom en trots.

Tans is ons altwee finansiële adviseurs by ŉ makelaarsfirma en het die voorreg om ŉ verskil in mense se lewens te maak.

Ons hele gesin van ŉ volle ses - oupa, ouma, kinders en kleinkinders - is baie sportief. Ons leef op en langs die sportveld.

Elize het ŉ paar jaar terug besluit sy wil leer rolbal speel en is deur Bosman afgerig. Maar die covid-pandemie het tussenbeide getree en Elize moes ophou speel.

Na ŉ ATKV-Eiland vakansie in 2024 het die rolbalgogga behoorlik gebyt. In Augustus van daardie jaar het ons saam besluit om aan te sluit by Centurion Rolbalklub - ŉ wonderlike klub. Die lewe is so besig en gejaagd dat ŉ mens iets spesiaal moet doen om fiks en aan die gang te bly en ook te ontspan. Ons is toe deur Zinda se afrigtingshande, en hier is ons nou!

Ons grootste geskenk hier is nuwe vriendskappe, op en by die speelveld.

Ons dank die Here vir die voorreg om gesond te kan wees, en om ons liefde vir sport te kan uitoefen en leef.

Ons sien uit na nog vele mooi jare saam.

**KOMPETISIES**

**Klubkompetisies**

**Gekose parekompetisies** (mans en dames) is op 8 Februarie afgehandel, met die volgende wenners en naaswenners. Baie geluk!

| | |
|---|---|
| Dames: | Ria Coetzee en Hendrina Meaker, met naaswenners Hermien Velleman en Elize du Plessis. |
| Mans: | Tian Pietersen en Ernst Müller, met naaswenners Ted Harley en Matie Stander. |

Die volgende item op die kompetisieprogram is die enkelspelwedstryde vir beginners.

**BGN-kompetisies**

Gedurende Januarie/Februarie was die klub verteenwoordig in geskeduleerde BGN-kompetisies.

In die **Midweek 4e kompetisie** (dames) het Annie Marais se span (met lede Priscilla Lamprecht, Magda Timmerman en Adri Behr) die semi-finaal gehaal. Baie geluk aan hulle.

Deelnemers het gesorg vir puik spel teen soms baie strawwe kompetisie, en die naam van die klub hoog gehou - baie dankie aan elkeen.

Die **2024/2025 ligaseisoen** is afgehandel, met stand van sake soos volg:

Damesspanne: Wenners in 4e divisie, wenners in 3e divisie en derde in 2de divisie.



*Vierde Divisie Wenners*



*Tweede Divisie: Derde*



*Derde Divisie Wenners:*

Mansspanne: Sewende in 1e divisie, derde in 4de divisie en vyfde in 6de divisie.

Baie geluk aan almal, maar spesifiek aan die dames met die oorwinnings, in een jaar, in beide die derde en vierde divisies. Voorwaar 'n groot prestasie!

**ROLBALONTWIKKELING**

Die Woensdagmiddag parespel in 2-4-2-formaat is steeds 'n groot sukses. Karien Roos en Eurika Lawrence, baie dankie.

Zinda Müller en Pieter Pretorius doen baie moeite Maandagmiddae met die opstel van oefenbane. Deelnemers getuig steeds met groot lof oor die waarde van die oefensessies – dankie Zinda en Pieter.

**LEDESAKE**

**Verjaarsdae in Maart**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | Judy Ralph | 12 | Martie Wepener |
| 1 | Daleen van de Venter | 18 | Johan Jansen |
| 3 | Dennis Clausen | 21 | Louise Graham |
| 7 | Stoffel Mynhardt | 29 | Japie Horn |
| 8 | Linda Kleingeld | 10 | Bosman Olivier |
| | | 31 | Louwtjie du Plessis |

## Verjaarsdae in April

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2 | Herman du Plessis | 19 | Etienne Naude |
| 4 | Elize du Plessis | 21 | Hannes Botha |
| 10 | Hendrina Meaker | 23 | Elsabe Heyns |
| 15 | Dalina Brits | 24 | Pieter Pretorius |
| 17 | Thea Opperman | 26 | Hans Greyling |
| 18 | Willem van Zyl | 29 | Matie Stander |
| 19 | Louwtjie de Jager | | |

## Nuwe lede

Baie welkom aan die volgende gewaardeerde nuwe lede:




Dou Kleefstra



Pieter Grobler



Chris Lerm



Petro Wessels

Afrigting van belangstellendes kontinueer, met groot dank aan die afrigters Zinda Müller, Bosman Olivier, Hermien Velleman en Leon Smith.

## Lief en leed

Met groot spyt is kennis geneem van Cathy Austen se bedanking as klublid vanweë gesondheidsprobleme. Sy bly aan as lid van die groep "Vriende van die Klub"

Suzaar van Rooyen sterk steeds aan na 'n knievervanging.

Isa Theron het 'n bekkenbreuk opgedoen en verduur baie pyn.

Adri Greve en Estelle de Beer vorder mooi op die herstelpad.

## Speeltye (Somer)

Dinsdae - gemengde spel, skyfies in 8:30 vir 9:00

Donderdae - gemengde spel, skyfies in 8:30 vir 9:00

Saterdae - gemengde spel, skyfies in 13:30 vir 14:00

Spel word Saterdae in klubdrag gespeel en gewone drag vir die ander dae. Vir klubwedstryde en klubfunksies trek ons ook klubdrag aan.

**Fondse**

Ledegeld en ander inbetalings wat betaal word moet as verwysing jou naam en van toon, asook waarvoor jy die betaling maak. Dit sal die Tesouriere se taak aansienlik vergemaklik.

Klubfooie kan verkieslik direk in die klub se bankrekening inbetaal word.

Bankbesonderhede:

Centurion Bowling Cub
ABSA Centurion
Rek no 405 332 3178
Kode 632005
Tjekrekening

Ledegeld plus BSA/BGN affiliasiefooi is ten volle betaalbaar teen 31 Oktober 2024.

Status ouderdom, 1 Julie 2024

| | |
|---|---|
| Ledegeld 75 jaar en ouer: | R2290.00 |
| Ledegeld jonger as 75 jaar: | R2510.00 |

Spesiale reëlings vir afbetaling kan met die Tesouriere gereël word.

Kontak Marieta Fourie by: secretary@centurion-bowls.co.za of Marieta.fourie@dustaside.com

Help asb met hierdie belangrike aksie om noodsaaklike fondse vir ons Klub te in!




Voorbereiding vir ons volgende groot funksie begin nou in alle erns.

📌 Inskrywingsvorm is op die bord.

📌 Skenkings vir die kos en drank mandjies sal nou ook welkom wees. (Gelukkige trekking)
📌 Borgbriewe (Bedelbriewe) is ook beskikbaar.

Dankie vir goeie samewerking. 🌹

**Boeke**

Snuffel gerus in die boekrakke vir iets om te lees en huistoe te neem.  Daar is ‛n kassie waarin jy R5 per boek moet ingooi. As jy klaar gelees het, bring die boek asseblief terug sodat iemand anders ook die leesgenot daarvan kan hê. Baie dankie, Judy, vir die versorging van ons boeke.

**GREENS, FACILITIES AN D SERVICES**

Both greens are still in very good condition, thanks to the hard work of our greenkeeper Bosman Olivier, together with Bertus van Rensburg, Willem van Zyl, Dave van Oudtshoorn and other volunteers.

When challenges are getting really serious, the Afriforum team appears with their heavy duty machinery to do the occasional invaluable clean-up - a big thank you to them. Ernst and Zinda Müller continue to mark the greens superbly. Nico Rau maintains the club facilities expertly, whilst all matters of thirst are dealt with by Dalina and Pieter Brits, with volunteers - thank you.  And also, a big thank you to Rina Meyer and all the ladies who are involved with the catering.

**KLEINJAN**

*Ma, dis nog weereens ek. Ma se seun Kleinjan.*

*Ek moet ook bietjie soos die jonger mense sê, howzit ma. Hier was dit weer vrek warm en die ou klein fentjie wat ek by die chinaMall gekoop het, het oortyd gewerk. Gelukkig is dit re-chargeable.*

*Ek het weer van voor af my bewondering vir vroue opgestoot. Mans maak gewoonlik nie so gereeld vir die huishouding in die middag of die aande kos nie. Dit sal eerder hamburgers, pitsas of fish en chips wees. Vrouens, veral die wat in die eg is en 'n kroos het, moet altyd 'n menu kan uitdink. Ek besef hoe moeilik dit kan wees want jy kan mos nie elke dag dieselfde kos maak nie. Dan gaan sy net marakas optel by die kinners of haar eggenoot. Baie van die ma's werk ook nog en sodra hulle in die huis kom sit die kinners voor die tv of speel op die selfone. Wat is die eerste ding wat die ma hoor? Maaa, ek is honger, wanneer eet ons? Ai togga togga. Sorry aan al die vrouens.*

*Ek het nou al gesit en opwegings gedoen in die verandering van leeftye. 'n Mens hoor baie keer hoe die ouere mense sê, "jy weet in ons kleintyd was daar nie dit of dat nie". Ek hoor vir Floorus vir Jasper daar by die kroeg oor 'n biertjie sê.... "jy weet, in ons tyd was daar maar min kinners wat fietse gehad het. Nou het amper elke kind in hoȅrskool of 'n motorfiets of 'n klein luukse karretjie. Ons moes koshuis toe gaan, maar nou studeer hulle sommer van*

*die huis af. In ons tyd was daar nie eens tv nie maar nou bestroom (of so iets) elke kind van hulle ouers, wat sukkel met hulle se pensioen, die netflix van hulle tv af. Ek wonder wat gaan nou se toekomstige pensioenarisse eendag sê van "jy weet, in ons tyd"...*

*Ek moet vir ma vertel in wat se pannarie Zinsa, wat ook met haar blou balle speel, nou sit. Ek vra haar mos hoe gaan dit met haar man met wie sy nog steeds in die eg is. Hy is mos bekend aan my. Klink my sy is in die laaste tyd bietjie verwilderd. Sy sê hy is baie uit en spoorloos. Sy is nie so seker van sy doene nie. Hy is Êrens.*

*Lyk vir my die rolbalballe van die litte is nou so deurmekaar van kleur soos naarigheid in 'n tuimeldroër. 'n Reënboog en verkleurmannetjie sal verwonders staan as hulle tussen al daardie kleure moet beland. Tot Chamberlands het nie so 'n bont spul in hulle verf afdeling nie. Maar ek dink ek het ma al van dit vertel, of nie?*

*Het moeder geweet dat erdwurms erger is as haase. 'n Haas kan aanteel soos konyne. Elke kort kort. Ek lees 'n artikel dat erdwurms elke drie maande verdubbel. Dis nou nie in lengte nie, maar in hoeveelheid. Dit is seker omlat hulle tweeslagtig is. Een van elk. Die verskil is dat hulle eiertjies lê wat 'n haas nie beskore is nie, behalwe die Paas Haas of course. Die geleerdes sê jy kan 'n wurmplaas begin met so min as vyfhonderd wurms. Dit is nou die rooi erdwurm. Na drie maande is hulle 'n duisend. Dink net hoeveel is hulle na so vyf jaar. 'n Wurmtsoenamie. Baie goeie bemesting ook.*

*Ek verwonder my altyd hoe min tee of koffie iemand partykeer aanbied. Ek het al baie gehoor "wil jy 'n koppietjie tee drink, of wil jy 'n koffietjie hê, of wil jy 'n bietjie tee of bietjie koffie drink". Die suinigheid darem.*

*Klink vir my McDonalds Trump gaan weer baie mense die harnas in jaag met sy nuwe termyn. Wonder of hy al sy kontrakteure agter mekaar het om die muur tussen Meksiekou en Amerika verder te bou. Ek hoop nie dit sal ook net kadaver ontplooiing wees soos by onse goewerment nie.*

*Ek wil nog sê, die Ingelse taal is partykeer onverstaanbaar. Iemand sê nou die dag vir 'n ander lit hy is "menotonous". Ek het dit toe probeer opsoek maar ek kry nie die betekenis nie. Ek het toe maar gelos want want dit raak verveelig en eentonig om so te sukkel met 'n ander taal.*

*Ek het nou weer genoeg van myself ge vertel en gaan nou bietjie lê voor my volgende skof.*

*Soos voorheen.*

*Arrie warrie, Kleinjan.*

**AND IN CLOSING……….**

**"**You might stay at home a little more," complained a wife to her husband. "You're always out playing bowls."

"I know, my dear," replied hubby, "but you know the doctor told me to live on greens as much as possible."

o-O-o

Stuur asb jou nuuswaardighede aan Gerrit Kamper by kampergd9@gmail.com., praat met hom op die rolbalbaan of in die klubhuis, of skakel met hom by 0731715630.

Besoek gerus ons webwerf by: www.centurion.bowls.co.za

Neem ook kennis van die Klub se e-posadres: secretary@centurion-bowls.co.za

Wanneer u e-pos aan hierdie adres stuur, sal dit minstens al die lede van die Dagbestuur bereik.